

## Soccer season kicks off

## SPAR is Tops



Heilbron Spar is bekend vir hulle vriendelike diens en omgee vir die gemeenskap en daarom ook dan hulle slagspreuk "My Spar". Gholfers sien jaarliks in Oktober uit na die Spar Gholfdag, want dit is altyd spesiaal. Jimmy de Villiers Smith van Heilbron SPAR sê dat môre se SPARdag weer 'n wenner gaan wees. Gholfers kan uitsien na lekker gholf, goeie pryse, 'n natgat by die grasdak en dan ook lewendige musiek die aand. Dit is alles ingesluit vir 'n skamele R250 vir gholfers en die wat die aand wil saamkuier en iets eet, kom gerus, daar is etekaartjies te koop.

Môre se SPARdag begin om 11:00 en inskrywings is vanaf 10:30. Daar is nog plek oop vir die wat nog nie ingeskryf het nie, skakel gerus vir Naomi by 082 598

9957.

'n Laerskool seun, Alexander Galatis van Johannesburg, het die ou manne verlede Saterdag touwys gemaak hoe om die bal reguit te slaan. Hy wen die dag met 40 punte. Alexander is die jongste spruit van Gregory en kleinkind van Amelia Galatis. Die predikant se gholf is weer op vorm, hy eindig tweede met 38 na 'n uittel teen Leonard Strydom.

Die putjiespel kompetisie is agter skedule en spelers word gevra om hulle uitspeelwedstryde so gou moontlik af te handel.

VKB het die groen lig gegee en is vanjaar se Presidents- en Kapteinsdag borg wat op 26 Oktober gaan plaasvind.

The Heilbron Soccer League 2019/2020 season kicks off this weekend. All the matches will be played at Piano Stars field in Lahlamlenze, Mshaya.

Here is the opening fixtures

Saturday, 12/10/2019

11:00 Free State United v FC Wine

13:00 Junior Rabbits v Milano

15:00 Mamokoto v Golden Stars

Sunday, 13/10/2019

10:00 Barcelona v Phiritona Stars

12:00 Real Tigers v Abagerezi

14:00 Juventus v Peace United

16:00 CJB United v Black Swallows



## Heilbron Krieketklub Nuus

Heilbron Krieketklub skop liga af teen Sasolburg volgende naweek.

Wedstryd program vir 2019/2020 seisoen:

1. Sasolburg vs Heilbron (A) 19 Oktober
2. New Vaal vs Heilbron (A) 26 Oktober
3. Roshnee vs Heilbron (A) 2 November
4. Heilbron vs Sharpville (H) 9 November
5. Heilbron vs Vanderbijlpark (H) 16 November
6. Heilbron vs Sasolburg (H) 23 November

7. Vanderbijlpark vs Heilbron (A) 18 Januarie 2020

8. Heilbron vs New Vaal (H) 25 Januarie 2020

9. Heilbron vs Roshnee (H) 8 Februarie 2020

10. Sharpville vs Heilbron (A) 22 Februarie 2020

T20 & T35 semi en finale sal gespeel word na afloop van die wedstryde.

Oefeninge Dinsdae & Donderdae om 17:00. Enige speler welkom. Kom ondersteun gerus die klub.

## HEILBRON JAGTERSNUUS



Die Vrystaatjagtersvereniging Riemland Heilbron tak het Saterdag 5 Oktober 'n groeperingskietdag aangebied. 36 skuts het aan die uitdagende dag deelgeneem. Danksy 'n skenking van Neels en Christelle van Heerden van die maat-skappy B-Bags kon almal met presies dieselfde x bags en agterste rus regverdig teen mekaar meeding.

Met die hulp van Jaco Nell en Marco Oberholzer is akkurate tellings bepaal.

Die weners was:

- 3de Izak Bosman (.243) groepering 52.23mm
- 2de Edward Muller (6.5 creedmore) 49.15mm
- 1ste Chanelle Engelbrecht (.243) 37.51mm

'n Wye verskeidenheid jagtrofees is ook op die dag gemeet deur Hennie en Theuns Fourie. Die uitslae sal bekend gemaak word op die algemene jaarvergadering en prysuitdeling op 8 November te Donsveertjie.



Op die foto links: Chanelle Engelbrecht, 11 jaar oud. Foto regs: André van Rensburg by uitdagende .22 baan.

## Heilbron Duiweklub

### Laaste wedvlug vir die jaar

Die naweek se wedvlugte was vanaf Hanover in baie warm weer en 'n noordewind. Ten spyte van die wind van voor, is die 540km in 7 ure en 50 minute, deur die voorste duiwe afgelê, teen 'n gemiddelde spoed van 72 kpu.

Frik Viviers het die eerste wedvlug gewen en Zenith die tweede.

Dit was die laaste wedvlugte van die jaar en nou is die broeiseisoen aan die gang en probeer die duiweboere beter kleintjies broei vir volgende jaar.

Die klub bedank al hul ondersteuners wat belanggestel het en gereeld navraag gedoen het.

#### HANOVER OPE 1

1. F Viviers, 2. Zenith A, 3. Crause & Seun, 4. Zenith B, 5. F Viviers, 6. F. Viviers, 7. Zenith A, 8. F Viviers, 9. Zenith B, 10. Crause & Seun.

#### HANOVER OPE 2

1. Zenith A, 2. Zenith A, 3. F Viviers, 4. Zenith A, 5. F Viviers, 6. F Viviers, 7. Zenith A, 8. Zenith B, 9. Zenith A, 10. Zenith B.

### Heilbron • Edenville • Frankfort



**Hugo Groenewald**  
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemerking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.wissentraal.co.za



J.J. Hadebestraat 97,  
Frankfort, 9830  
Sel: 082 569 7205  
Kantoor: 058 813 1067



### BKB Louwid NOORD

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

#### DINSDAG - 15 OKTOBER 2019

KLERKSDORP Weeklikse veiling  
Kontak Rudy van der Westhuizen 079 418 4289

VEREENIGING Weeklikse veiling.  
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

#### DONDERDAG - 17 OKTOBER 2019

FRANKFORT Weeklikse veiling  
Kontak Eddie Muller 082 526 2219

KROONSTAD Vetree veiling  
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

#### VRYDAG - 18 OKTOBER 2019

STANDERTON Weeklikse veiling  
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

POTCHEFSTROM Weeklikse veiling  
Kontak Riaan Herbst 076 154 5048

www.bkb.co.za  
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07  
Posbus 220, Frankfort, 9830  
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317  
e-pos: frankfort@bkbilowid.co.za

